2007 Nasionale Boerboelskou-oorsig

Bron: Webredakteur
Datum: 23 November 2007

Die 2007 SABT nasionale en streekskoue is nou geskiedenis en moet verseker opgeteken word as geskiedenis wat geskryf is deur die volharding van Boerboeleienaars en lede van die SABT se Uitvoerende Komitee wat hulle vir die herinstelling van hierdie skoue beywer het. Hulle harde werk – die verkryging van borgskappe en al die skoureëlings - het gekulmineer in die hoogtepunt op 17 November, die Nasionale Boerboelskou in Parys in die Vrystaat.

Baie geluk aan Lukas van Vuuren van Spitsvuur Boerboele en Johan Coetzee van Piet Zijn Drift Boerboele – wat onderskeidelik die SA senior en junior kampioene gelewer het – en die eienaars van al die ander wenners en deelnemers. Dit is geen geringe prestasie om die beste onder die beste te wees nie. Dit is jammer dat afstand en koste-oorwegings baie streekwenners – byvoorbeeld van die Kaap en KwaZulu-Natal - van deelname weerhou het.

Die SABT is opreg dankbaar vir die bydraes van die hoofborg van hierdie geleenthede, Montego Classic (geldelike bydrae, borg van lokale, medaljes vir 1ste, 2de en 3de plekwenners en hondekos vir wenners).

Die Vereniging sê ook baie dankie vir die borge van trofeë (hulle word in die SA Boerboelskou-uitslae hieronder genoem); Johan Coetzee en René Botha wat die meeste trofeeborge gewerf het; Gawie Pottas en Natascha de Beer vir die foto's en video-opname*; die Skoureëlingskomitee: Helgaardt Mostert, Lood Mienie en Anemarí Pretorius en raadslede wat die onderskeie streekskoue gereël het.

Die heel belangrikste dankie gaan aan die eienaars en hulle honde wat die skoue moontlik gemaak het. Om te wen is altyd lekker, maar die lekkerste lekker is die geleenthede wat sulke byeenkomste vir die 'unieke spesie' - die Boerboelgemeenskap – skep om hulle passie en entoesiasme vir die Boerboel te deel.

Klik op die skakels hieronder vir foto's van die kampioene en reserwekampioene en die name van die honde wat die eerste drie plekke in die onderskeie kategorieë gewen het.

2007 SA Boerboelkampioen fotogallery

2007 SA Boerboelskou-uitslae (1ste drie posisies)

** Foto's van enige deelnemer en 'n DVD van die video-opname kan bestel word van Gawie Pottas.*

☎ 072 158 6858 E-pos: Gawie.Pottas@goldfields.co.za

Van links na regs: Helgaardt Mostert (Oos-Kaap), Dirk Taljaard (Noord-Kaap), Anemarí Pretorius (Wes-Kaap), Bert Gräbe (Lewenslange erelid), Kobus Rust (Lewenslange erelid), Jaap Maré (Voorsitter), Lood Mienie (Noordwes), Frans du Toit (Mpumalanga), Johan Blomerus (Vise-voorsitter), Johan van Wyk (Afrika), Maggelien Maré (Limpopo), Chris Boshoff (KwaZulu-Natal), Roelie van Heerden (Vrystaat)